**Notule** van die **5de** Spesiale Raadsvergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Munisipale Kantore, Kerkstraat 15, Beaufort-Wes,*

op **Maandag, 31 Maart 2014**

om **10:00**

**Teenwoordig:**

**Raadslede** SM Motsoane (Speaker), L Deyce, G de Vos, M Furmen, GP Adolph [10:20], EAJ Beyers, GT Murray en AM Slabbert

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**Afwesig:**

**Raadslede** J Bostander, R van der Linde, DE Welgemoed en AD Willemse

**In diens:**

Munisipale Bestuurder, Wrnde Direkteur: Korporatiewe Dienste [P de V Strümpher], Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Gemeenskapsdienste, Konsultant [Mnr. D Hanekom], Mnr. R Eland en Bestuurder: Finansiële Administrasie

Raadslid L Deyce open die vergadering met gebed.

**1. KONSEP BEDRYFS- EN KAPITAALBEGROTING: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR: 1 JULIE 2014 TOT 30 JUNIE 2015**
5/1/2/1

By aanvang van die bespreking van die item, lê die Munisipale Bestuurder ŉ konsep Topvlak SDBIP vir 2014/2015 ter tafel.

After further discussion Council unanimously resolved as follows-

ba

1.1 That the annual budget of the Municipality for the financial year 2014/15; and indicative for the two projected outer years 2015/16 and 2016/17, be approved as set out in the following schedules;

1.1.1 Operating revenue and expenditure by standard classification reflected in table A2;

1.1.2 Operating revenue and expenditure by municipal vote reflected in tabeld A3;

1.1.3 Operating revenue by source and expenditure by type reflected in table A4;

1.1.4 Capital expenditure by vote, standard classification and funding reflected in table A5;

2. That in terms of Section 75 A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) the following tariffs for property rates are approved and adopted with effect from 1 July 2014:

2.2.1 Residential properties: R0.015352

2.2.1.1 Rebates in respect of residential properties will be granted in accordance with the Municipality's rates policy.

2.2.2 Agriculture properties: R0.003838

2.2.2.1 Having taken into account the limited rate funded services supplied to agricultural properties in general, the contribution of agriculture to the local economy, the extent to which agriculture assists in meeting the service delivery and development obligations of the municipality and the contribution of agriculture to the social and economic welfare of farm workers, the municipality grant rebates to the effect that the netto rate payable on agricultural properties will amount to R0.001926

2.2.3 Commercial properties: R0.022333

3. That tariffs and charges as reflected in the tariff book be increased as follows for the 2014/15 financial year;

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Property rates | - | 7 % |
| 3.2 | Water | - | 7 % |
| 3.3 | Sanitation | - | 7 % |
| 3.4 | Refuse Removal | - | 7 % |
| 3.5 | Sundry Tariffs (excluding cemeteries) | - | 5 % |
| 3.6 | Electricity | - | 7.39 % |

**2. KONSEP: 2014/2015 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**
10/3/3/5/11

**BESLUIT**

mb
idp Dat die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir die 2014/2015 finansiële jaar aanvaar word vir voorlegging aan die gemeenskap en dat die Speaker 'n datum sal bepaal waarby die Wrnde. GOP Bestuurder die geleentheid gebied sal word om 'n gedetailleerde voorlegging van die 2014/2015 GOP aan die Raad te maak.

**3. JAARVERSLAG 2012/2013 FINANSIËLE JAAR**
2/6/B; 2/6/2

Die Munisipale Bestuurder lê 'n notule van 'n vergadering van die Oorsigkomitee dateer 31 Maart 2014 ter tafel. Welke notule hierby aangeheg word as Bylae 001.

After further discussion-

Alderman T Prince seconded by Councillor M Furmen proposed that Council, having fully considered the 2012/2013 Annual Report of the Municipality and the representations thereon, Council adopts the Oversight Report and approves the Annual Report without reservations.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**4. DIENSLEWERING: NELSPOORT**
3/2/3/2/2

Ten tye van die bespreking van die item is die lede van die gemeenskap van Nelspoort nie teenwoordig nie.

Na bespreking van die aangeleentheid word-

**BESLUIT**

mb
ba Dat die Uitvoerende Burgemeester, Speaker en Raadslid AM Slabbert saam met die Munisipale Bestuurder en Direkteure, 'n vergadering gedurende die week van 31 Maart 2014 tot 04 April 2014 met die gemeenskapsleiers van Nelspoort belê ten einde die dienslewerings kwessie te bespreek. Voorts dat die datum vir sodanige vergadering deur die Speaker bepaal en aan die Munisipale Bestuurder kommunikeer sal word.

Nadat die besluit geneem is, sluit 'n afvaardiging van Nelspoort gemeenskap by die vergadering en dra die Speaker bogemelde besluit aan die gemeenskapsleiers oor. Vervolgens oorhandig die afvaardiging 'n lys van diensleweringsprobleme aan die Speaker.

**5. VERSLAG AAN DIE RAAD: PRESTASIE EVALUERINGS**
SP

Sien Afsonderlike Notuleboek

**6. BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT VS GI DE VOS: SAAK NR. 1372/13**
5/10/5

Raadslid de Vos onttrek van die vergadering met die aanvang van die bespreking van die aangeleentheid.

Die Speaker lê 'n dagvaarding dateer 19 Februarie 2014 aan die Raad ter tafel ingevolge waarvan mnr. GI de Vos, seun van Raadslid G de Vos, gelas word om voor die plaaslike landdroshof te verskyn vir vordering van skuld ten bedrae van R8 654.70, en versoek die Raad om die afskrywing van die skuld te oorweeg.

Na verdere bespreking word-

**BESLUIT**

ba

Dat in die lig daarvan dat die voorval lank terug gebeur het en die Raad se houding jeens die aangeleentheid versag het, regsadvies ingewin word of die Raad die bedrag verskuldig deur mnr. GI de Vos kan afskryf en wat die regsgevolge vir die Munisipaliteit kan wees ten opsigte van moontlike ander soortgelyke gevalle.

Die vergadering sluit om **14:10**

Notule bekragtig hierdie dag van 2014

____________________
SM Motsoane
**SPEAKER**

# AFSONDERLIKE NOTULEBOEK

**Notule** van die **5de** Spesiale Raadsvergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Munisipale Kantore, Kerkstraat 15, Beaufort-Wes,*

op **Maandag, 31 Maart 2014**

om **10:00**

**Teenwoordig:**

**Raadslede** SM Motsoane (Speaker), L Deyce, G de Vos, M Furmen, GP Adolph [10:20], EAJ Beyers, GT Murray en AM Slabbert

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**Afwesig:**

**Raadslede** J Bostander, R van der Linde, DE Welgemoed en AD Willemse

**In diens:**

Munisipale Bestuurder, Wrnde Direkteur: Korporatiewe Dienste [P de V Strümpher], Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Gemeenskapsdienste, Konsultant [Mnr. D Hanekom], Mnr. R Eland en Bestuurder: Finansiële Administrasie

**5. VERSLAG AAN DIE RAAD: PRESTASIE EVALUERINGS**
SP

Die Munisipale Bestuurder, Direkteure en Finansiële personeel verlaat die Raadsaal met die aanvang van die bespreking van die aangeleentheid.

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid M Furmen stel voor dat die prestasie evalueringsverslag van die Munisipale Bestuurder en Direkteure vir 2012/2013 finansiële jaar aanvaar word en die prestasie bonusse soos volg uitbetaal word-

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Munisipale Bestuurder | - | 11% van totale pakket | - | R82,056.97 |
| Direkteur: Ingenieursdienste | - | 11% van totale pakket | - | R80,666.85 |
| Direkteur: Elektrotegniese Dienste | - | 11% van totale pakket | - | R75,562.19 |
| Direkteur: Korporatiewe Dienste | - | 5% van totale pakket | - | R29,798.15 |
| Direkteur: Gemeenskapsdienste | - | 8% van totale pakket | - | R63,656.24; |

en voorts dat die Nasionale KPA’s van toepassing op die Munisipale Bestuurder en Direkteure, afgebreek word i plaaslike KPA’s ten einde voldoening aan die Nasionale KPA’s te verseker.

Met die terugkeer van die Munisipale Bestuurder en Direkteure lig die Uitvoerende Burgemeester gemelde amptenare in rakende die Raad se besluit. Die Munisipale Bestuurder bedank die Raad namens homself en die Direkteure en vestig die Raad se aandag daarop dat die bedrag aan hom betaalbaar slegs oor 9 maande bereken is terwyl dit oor ’n periode van 12 maande bereken moes gewees het.

Vervolgens besluit die Raad dat die prestasie bonus van die Munisipale Bestuurder bereken moet word volgens sy vergaderingspakket vir 2012/2013 finansiële jaar oor 'n periode van 12 maande.

**Notule van 'n 'Oversight Committee'** van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die Konferensie kamer, Munisipale Kantore,
Donkinstraat 112, Beaufort-Wes

op **Maandag, 31 Maart 2014**

om **09:10**

**Teenwoordig:-**

**Raadslede:** L Deyce, G de Vos en AM Slabbert

**Oudit Komitee**: Mnr. KE Mc Kay (Voorsitter)

**Afwesig:**

**Raadslid:** M Furmen

**Oudit Komitee:** Me T Solomons, Mnre. A Hooker (siekte verlof) en Mnr. LW Hawker

**In Diens:-**

Munisipale Bestuurder en Senior Klerk: Komitees

## 1. OVERSIGHT REPORT ON ANNUAL REPORTS
5/1/B

### RECOMMENDATIONS

That having fully considered the 2012/13 Annual Report of the municipality and representations thereon Council adopts the oversight report; and approves the annual report without reservations.

Die vergadering sluit om **09:10**.

Notule bekragtig hierdie 31ste dag van Maart 2014

**Voorsitter**: ____________________